SASSAR EN AKASIAPARK 1956 - 1960

In die tweede kwartaal, toe ek in standerd 3 en 9 jaar oud was, het my pa en ma ons drie teen die einde van April 1956 vertel dat my pa vir die laaste deel van die Parlementsitting in Kaapstad moes gaan werk en dat ons vir ongeveer ses weke in die Kaap moes gaan bly in die Parlementêre dorp SASSAR, waar baie mense tuis gegaan het wat Parlementêre diens moes doen. Ons sal ook daar skool toe gaan in die Laerskool Sassar. Sassar is 'n akroniem vir Suid Afrikaanse Spoorweë / South African Railways, wat die dorp bestuur het. Ek onthou dat ek gemengde gevoelens gehad oor hierdie vooruitsig. Op daardie stadium van jou lewe is jou wêreld maar klein waarin jy die bekende verkies. Dit was ook die kwartaal wat ons rugby gespeel het en dit sou die einde van rugby in standerd 3 vir my wees. Nietemin het ons nie 'n keuse gehad nie en is op 'n Donderdag met die Buick Kaap toe. Soos met ons ritte na Heroldsbaai, het ons seker êrens oorgeslaap. Ek onthou ons het op 'n Vrydagoggend met die nasionale pad (Nou die N1) vanaf die Paarl in die rigting van Kaapstad gery. Vier jaar tevore het van ons maats Kaap toe gegaan vir die Van Riebeeckfees in April 1952, 300 jaar na Jan van Riebeeck in Tafelbaai geland het. Ons drie was egter nog nooit in die Kaap nie en was opgewonde. Skielik verskyn Tafelberg op die horison reg voor in die pad. Dit het gelyk nes soos ons Tafelberg op al op fotos en ook in skilderye van Jan van Riebeeck se landing aan die Kaap in ons geskiedenisboek gesien het !

By Bellville het my pa links gedraai tot in Voortrekkerweg en is toe deur Bellville en Parow tot in Goodwood. By die hek van Wingfield Lugmag Militêre basis is ons deurgelaat deur 'n onderoffisier in 'n Leëruniform, wat op wagdiens was. Ons moes as vreemdelinge die witpyle op die pad tot by Sassar volg. Sassar was geleë in die Wingfield Militêre basis, wat in die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom het op die Kaapse Vlakte, tussen Tafelbaai en Valsbaai. By die gemeenskaplike eetsaal was Sassar se bestuurder, mnr Croukamp, se kantoor. Hy het ons na woonstel 9 geneem, nie ver van die eetsaal nie. Die woonstelle was rooi baksteen geboue, elk met 'n onderdak stoep. Toe ons daar stilhou het my ma net gevra "Is dit nou ons kaia ?" Ons woonstel in 1956 het net twee slaapkamers gehad. Die binnemure was nie gepleister nie, maar net gesak stryk en geverf. Die vloerbedekking was van bruin linoleum. Hoe ons drie in die tweede slaapkamer ingepas het, kan ek nie onthou nie. Ons het sommer daardie eerste middag in die eetsaal gaan eet. Ek dink my ouers het oom Isak Meyer en sy vrou, Lynn, wat graag Engels gepraat het, geken en hulle het ons voorgestel aan hulle seun, Wouter. Hy was seker toe al in standerd 5. Hy het aangebied om ons rond te wys, maar kon nie daardie middag nie, want hy het 'n belangrike afspraak gehad om as lid van 'n bende 'n hut in die Port Jackson bosse te gaan bou !

Ons het later besef dat Sassar ook 'n hek gehad het vir toegang van die nasionale pad tussen Kaapstad en die Paarl en dat ons nie na Voortrekkerweg hoef te gery het nie.

Van die militêre barakke is omskep in woonstel akkommodasie. Vier barakke is gewoonlik in 'n H konfigurasie gebou met die kort been van die H 'n gebou met badkamer geriewe is. Elke barak is in twee woonstelle omskep, wat gewoonlik uit 'n sitkamer, drie slaapkamers, 'n badkamer en klein kombuisie bestaan het. Alle inwoners het in 'n sentrale eetkamer geëet, wat bedien was met 'n groot kombuis, wat deur die SA Spoorweë bedryf is. Hierdie eetkamer kompleks, wat soos 'n trein eetsalon bestuur is, het ook gedien as opleidingsfasiliteit vir kelners en kokke wat op die Spoorweë se passasierstreine gewerk het. Daardie jare was daar nog baie passasierstreine in bedryf. Elke kelner het sy "stasie" met 'n paar tafels gehad wat aan gesinne toegewys was. So het ons geleer om, net soos op 'n trein, kos te bestel van 'n getikte spyskaart en hoe om die verskillende eetgerei te gebruik op wit tafeldoeke met gestyfde servette. Ons het ook ons tafel se kelner baie goed leer ken en hy seker vir ons.

Die hoofkelner was aangespreek as “Chief” (Chief steward) en die tweede in bevel as “Seccie” (Second steward). (Die Chief was mnr van Niekerk met sy rooi snor. Die Hoofkok was mnr De Witt. Sy seun was ook saam met ons in die skool op Sassar).

Die volgende Maandag moes ons Laerskool Sassar toe. Die skool se geboue was in ‘n U-vorm met ‘n vierkant en ek vermoed dit was vroeër ‘n kantoor kompleks. Die skool het ‘n Transvaal Onderwys leerplan gevolg omdat meeste kinders van die destydse Transvaal afkomstig was. Daar was net vier klasse. Graad 1, 2 en Standerd 1 was saam in een klas en Standerd 2 en 3 en Standerd 4 en 5 saam in een klas. Die vierde klas was die Engelse klas, waar almal saam was, as ek reg onthou. Francois was in standerd 2 en ek in standerd 3 by mnr van Wyk en Charl was in standerd 4 by mnr Pretorius, wat ook die skoolhoof was. Sy bynaam was ook, soos destyds algemeen in baie skole, ou Bok. By die ouers was hy as Meester bekend. Toevallig het hy en sy vrou in woonstel 10 langs ons gebly. Ek was nie toe nie meer so beïndruk om langs jou onderwyser of skoolhoof te bly soos ek vroeër in graad 1 gedink het nie !

Dit was nogal ‘n aanpassing in die nuwe skool, alhoewel die leerplanne veronderstel was om dieselfde te wees. Dit was nie soos juffrou Dubbelman in standerd 3 in Laerskool Nieu Muckleneuk dit aangebied het nie. Veral in Rekeningkunde en in Geskiedenis was die werk anders. Ek moes maar aanpas.

‘n Groot kultuurskok vir my was die feit dat dit nog in Meimaand donker was 06:30 toe ons moes opstaan om badkamer toe te gaan, aan te trek en nog te gaan ontbyt eet in die eetsaal, vóór skool.

Op die stoep by die ingang van die eetsaal was ‘n pak “Die Burger” koerante. Elke persoon wat ‘n koerant wou hê het ‘n tiekie (drie pennies) in die blikkie geplaas en vir hom ‘n koerant geneem sonder enige koerantverkoper !

Daar was vervoer vanaf Sassar tot in die stad by die Parlementsgebou en aangrensende Marksgebou, waar meeste amptenare se kantore was. Die Spoorweë het soggens twee van sy padvervoerbusse beskikbaar gestel vir vervoer van die Volksraadslede en amptenare stad toe en weer vir middagete terug Sassar toe. Na middagete weer stad toe en na werk teen 17:00 weer terug. Ons het dit as luukse busse gesien, waarvan die deur met lugdruk van binne deur die bestuurder oopgemaak is. Die banke was met sulke groen materiaal oorgetrek met sulke hoë rugleunings. As ons saam met my ma stad toe moes gaan in die middae vir inkopies het ons ook met dié busse gery. Dit was Canadian Brill Cars en was in die kenmerkende rooi en wit van die Spoorweë se padvervoerbusse.

As ek reg onthou het ons in Adderleystraat by die ou spoorwegstasie afgeklim. Die stasie was hoër op in Adderleystraat as deesdae en was baie sentraal vir inkopies in die stad. In die voorportaal van die stasie was ‘n bekende landmerk waar mense mekaar ontmoet het, naamlik die groot horlosie.

Spoorwegstasie voorportaal met die bekende Horlosie. Let op na die model van ‘n stoomlokomotief direk daaronder.

Direk onder die horlosie was ‘n model van ‘n stoomlokomotief in ‘n glaskas. Indien jy ‘n pennie muntstuk in die gleufie ingegooi het, het die lokomotief se wiele begin draai en die treindrywer het vir jou gewaai !



Model van stoomlokomotief in glaskas. Die gleufie vir die muntstuk is voor die seun se hand.

Die muntstuk het seker ‘n skakelaar geaktiveer wat die lokomotief se wiele laat draai het. Eendag toe ons drie nog so na die lokomotief staan en kyk, kom ‘n Kaapse Bruinman verby, plaas sy lippe oor die gleufie en gee ‘n harde blaas. Daar loop die lokomotief. Sy opmerking was net “daar’s vir julle ‘n show !”

Ek onthou ook dat die Springbokke in daardie tyd in Nieu Seeland getoer het. My pa het vroeg oggend op kortgolf radio probeer inluister na die wedstryde, alhoewel die ontvangs maar swak was. Dit het

blykbaar gewoonlik gereën in Nieu Zeeland en die velde was swak gedreineer. Meeste van die tyd was die wedstryde in die modder gespeel.

In daardie eerste sessie in die Kaap het ons laerskool seuns die kans gekry om een Saterdagoggend met ‘n Dacota vliegtuig van die SA Lugmag van Ysterplaat om die Kaapse Skiereiland te vlieg. Dit was ons drie se eerste vliegtuig rit. Ek onthou dat ‘n mens op daardie stadium baie op jou senuwees was dat die vliegtuig dalk sou kon val ! Dit het ook nie baie gehelp dat mnr van Wyk ons die laaste periode op die Vrydag voor die vliegrit (ons moes eintlik kunsvlyt gedoen het) vol bravade van sý vlieg ondervindinge vertel het en wat ons moet doen as die vliegtuig ‘n noodlanding, veral in die see, moes doen ! Hy het ook saam gevlieg daardie oggend en ek onthou al sy “sights” op die vliegtuig. Daar was nie sitplekke in die vliegtuig nie en ons kinders moes met gordels teen die kante van die kajuit vasgegespe word vir die opstyg en landing. Mnr Van Wyk het hom egter met ’n groot vertoon in ’n sitplek vasgegordel ! Na opstyging kon ons opstaan en by die vensters uitkyk en het die loods ons die Dokke uitgewys en daarna al langs Mouillepunt, Seepunt, Kampsbaai en die Twaalf Apostels langs die kus van die Atlantiese Oseaan tot by Houtbaai, Chapmans Peak en verder aan tot by Kaappunt gevlieg. Toe weer al met die kus langs met Valsbaai verby Simonstad, Vishoek en Muizenberg en toe verby Tokai oor die suidelike voorstede soos Wynberg, Nuweland, Rondebosch tot weer op Ysterplaat. Die hele vlug het maar bietjie meer as ‘n halfuur geduur, maar het langer gevoel en was baie opwindend.

My eerste vliegrit was in so ‘n Suid Afrikaanse Lugmag Dacota DC 3

In standerd 3 in Sassar Laerskool het ek langs ‘n ou gesit met die naam Glenn Loxton. Omdat ons per motor Kaap toe gekom het, het ons nie fietse op Sassar gehad nie. Glen het ‘n fiets gehad en hy het dit soms vir my geleen om die wêreld ‘n bietjie beter te verken. In elke skoolbank was ‘n eksemplaar van die Suid Afrikaanse Skoolatlas. Op ‘n dag wys Glenn Loxton my hy het ontdek daar is in Suid Afrika ‘n plek met die naam “Glen” en ook ‘n plek met die naam “Loxton”.

(Ek en Glen Loxton was later saam op Affies en ek het hom al weer ‘n paar keer op reünies raakgeloop, wat hy vanuit die buiteland, waar hy nou bly, bygewoon het. Op die laaste reünie in 2018 het se Engelse vrou hom vergesel en het ek haar ontmoet).

In Charl se klas op Sassar was ‘n seun, Leon de Bruyn. Op ‘n dag hoor ons hy gaan die middag saam met sy ma Kaapstad toe om ‘n elektriese trein, wat ongeveer £4 (Vier Pond) kos, te koop. Ons drie het dadelik belanggestel. Dit was ‘n Duitse maak, Märklin. Ons het die katalogus in die hande gekry en besluit as on al drie saam spaar, kan ons ook so ‘n treintjie koop, al het dit net een lokomotief en drie trokkies en‘n klein ovaal spoorlyn gehad. Toe ons uiteindelik die geld bymekaar gemaak het, is ons in Pretoria na Darts, die stokperdjie winkel. Die bestuurder was bekend as Montie. My Pa het saam gegaan en verras ons toe dat hy ook ‘n lokomotief en spore koop en ‘n groter “transformer”, wat latere uitbreiding sou moontlik maak. So het ons elektriese trein en spoornetwerk begin. As een van ons verjaar het of geld gekry het, het ons nog trokkies en spore gekoop. Later selfs wissels. Ons het dié trein soos goud opgepas en elke keer weer in die oorspronklike verpakkings van waspapier teruggepak. Later, toe ons ouer was, het ons nie meer so baie daarmee gespeel nie. Ons is egter nou nog vies vir my pa dat hy, sonder dat hy ons geraadpleeg het, dit vir ‘n vriend en kollega se laatlam seun aangebied het wat veel jonger as ons was. By geleentheid het ons gesien hoe hy die treinstel deur sy agterwêreld getrek het ! Ons was nie beïndruk nie !

‘n Basiese Märklin treinstel links bo, lokomotiewe, passasierswaens en trokke

Aan die einde van 1956 het ons weer op Heroldsbaai gaan vakansie hou, vanwaar ons weer per motor Kaap toe sou gaan. ‘n Paar dae voor die einde van die vakansie kry my pa via die Departement van Bosbou se kantoor op George ‘n oproep dat Minister Frans Erasmus hom die volgende oggend in Kaapstad wil sien. Ek onthou my ma se ontsteltenis en die geskarrel om alles opgepak te kry. Ons het deur die nag Kaap toe gery. Daardie jare was die paaie nie soos nou nie en die rit het seker ses uur geduur. Ek onthou ons het na middernag op Sassar aangekom. Hierdie keer het ons in woonstel 68 gaan bly, wat drie slaapkamers gehad het. Hierdie keer sou ons die volle parlementsitting in Sassar deurbring. Langs ons het oom Gerald en tannie Joan Browne in woonstel 69 gebly, met hulle twee dogters Lydia en Barbara en jonger seun, Freddie. Ons het hulle baie goed leer ken en veral op reënerige dae op hulle lekker lang stoep gespeel ek gerolskaats.

Tot op daardie stadium het ons per motor Kaap toe gery. Die Meeste amptenare en hulle gesinne het egter met die sogenaamde "Zootrein" gereis. Dit was 'n spesiale trein waarmee almal en hulle huisdiere, besittings ens. gereis het. Dit was skynbaar 'n baie jolige ondervinding om met die "Zootrein" Kaap toe te ry.

Daar is soms verwys na die trein wat die sessie kinders wat op Pretoria op skool was, heen en weer vervoer het, as die "Klein Zootrein" !

Die vorige jaar in 1956 het ons eers einde April Kaap toe gekom. 1957 was dus die eerste Kaapse vrugte seisoen wat ons beleef het. Ek was veral lief vir die golden delicious appels, taaipit geelperskes en hanepoot druiwe, wat ek vir die eerste keer ontdek het !

In daardie jare het woongebiede soos Plattekloof, Panorama en Monta Vista nog nie bestaan nie. Die hele gebied was onder Port Jackson boomstruike, 'n Akasia, wat van Australië ingevoer is om die sand op die Kaapse Vlakte teen die wind te beheer. In 'n sterk Suidooster het die sand oor die paaie gewaai. Tussen die verskillende woonstelle op Sassar was dus ook groot areas van Port Jackson bosse en hier en daar 'n Rooikransboom. Vir 'n laerskoolseun was dit 'n paradys om in te speel in die bosse en hutte van die lang lote te bou en die mure te vleg. So 'n hut bouery moes hoogs geheim gehou word, anders het minder goedgesinde "bendes" dit kom afbreek.

Sassar het 'n baie lekker groot swembad gehad, waar ons baie ure in die somer deurgebring het. Daar was ook 'n duikplank vanwaar die seuns die meisies probeer beïndruk het. Die swembad opsigter het soms sy hande vol gehad met ons. Hy het nie daarvan gehou as ons met 'n fiets in die swembad inry nie. Hy was so 'n gesette ou met 'n blou oorpak, wat effens gewaggel het as hy loop en wat deur sy neus gepraat het en na chloor geruik het ! Hy was mnr Dames, 'n van wat vir ons baie snaaks was omdat hy 'n man was.

Meeste kinders het mekaar van skool af geken. In daardie jaar het 'n rolskaats gier posgevat. Daardie jare se rolskaats wiele was van metaal en het nogal baie geraas op die sement of teer gemaak. Daar was Winchester en Davies rolskaats aanhangers. Ons het nie gedink Davies rolskaatse is goed nie ! Ek het ook 'n paar rolskaatse gekry, soos Jannie Visse gehad het. Ek kan nie die maak onthou nie, maar was nogal grand. My pa het dit deur iemand wat 'n liksens gehad het, by 'n groot handelaarswinkel gekoop. Daardie jare kon slegs geregistreerde kleinhandelaars by groothandelaars koop. Ons al drie het op hierdie rolskaatse leer rolskaats. Die rolskaatse was verstelbaar en is aan jou skoene vasgeknyp. Na ons daarmee geskaats het, het ek dit weer pynlik skoongemaak en geolie.

In die aande het ons soms tok-tokkie gespeel. Nadat iemand aan 'n deur geklop het verdwyn ons almal in die bosse. Ons gunsteling was mnr Bodemer. Eenkeer het hy drie keer die deur kom oopmaak. Toe hy weer niemand vind nie, kyk hy so oor die bosse waar hy weet ons is en sê "Maties, as ek julle kry is daar 'n rapsie !", tot ons groot vermaak.

Die skool het 'n 16 mm rolprentprojektor gehad vir vertoon van opvoedkundige films in die klas. Soms het die skool films bestel wat dan Vrydae aande in die Bioskoopsaal vertoon is. Die bioskoopsaal was 'n groot saal met 'n verhoog wat seker destyds deur die Weermag gebruik is vir die soldate. Al die kleiner kinders het altyd heel voor en die oueres agter gesit. Van tyd tot tyd moet die filmrol omgeruil word en weer deur die projektor geryg word. Soms het die film gebreek en het die klank so 'n onaardse geluid

gemaak. Dan moes iemand die ligskakelaar soek om die ligte aan te sit voor die film ook weer in die projektor geryg kon word. Alles deel van die aand se vermaak !

Ek onthou ook van ‘n verskeidenheidskonsert wat gereël in die sogenaamde Bioskoopsaal. Een ou het ‘n sang solo in ‘n matroos se uniform gelewer wat ‘n groot indruk op my gemaak het. Hy het gesing:

“ I joined the Navy, to see te world,
But what did I see ?
I saw the sea ! ”

Een aand was daar ook ‘n Kalifa vertoning deur Kaapse Maleiers. Ons was verstom oor hoe die mans naalde deur hulle wange en tonge druk en dit skynbaar nie seer is en bloei nie. Hulle het ook skynbaar skerp penne in hulle buikwande gedruk, sonder om hulle te beseer en op swaarde se lemme gestaan, sonder om hulle voete te sny ! Dit was gereël deur die destydse Kommissaris van Kleurlingsake, Mnr ID du Plessis, wat ook ‘n bekende digter was. Ons moes hoeka in standerd 4 deelneem aan ‘n praatkoor wat een van sy gedigte ,“Rietfontein”, voorgedra het, afgerig deur mev Nel, een van die onderwyseresse en vrou van mnr Jas Nel, ’n LV:

“By Rietfontein se leidam, as die reier staan en droom,
En gepluimde peerboom takke bloeisels sprinkel oor die stroom,
Word op maanverligte nagte nog ‘n sombere tafereel
Van haat en lus en liefde deur gestorwenes afgespeel.
Ensovoorts……..”

Saans na ete kon almal gaan koffie drink in die koffiekamer, ‘n ruim vertrek met baie gemak- en grasstoele. Party naweek aande het die grootmense ook daar gedans op musiek uit die HI-FI, wat die Sosiale klub aangekoop het. Een keer per week het die dames ook daar bymekaar gekom om naaldwerk te doen. Dit was bekend as die “Lappies klub”.

My pa en ma het gedink dit sou ‘n goeie idee wees as ons klavierlesse neem. Op Sassar was daar ‘n mev Strauss, wie se man ook Parlementêre diens gedoen het, wat musieklesse gegee het. Die voordeel was dat sy ook die tweede helfte van die jaar in Pretoria sou wees om die musieklesse voort te sit. Ek het nie baie van die klavier spelery gehou nie, want ek het agtergekom dat ek nie aanleg daarvoor het nie. ‘n Ander probleem was dat my musiekles in Pretoria dieselfde tyd opgehou het as wat die radioverhaal, “Die Geheimsinnige Straal”, op “Ons Roep die Jeug” radioprogram begin het. Ek moes dus met my nommer 22 duim Rudge fiets vanaf omtrent Lynwoodweg optrap met Duncanstraat tot by ons huis in Pienaarstraat 551. Ek was altyd tien minute laat en dit het grootliks bygedra tot die einde van my kortstondige musiekloopbaan ! Later kon ek darem nog met net een vinger “Altyd is kort Jakkie siek” speel.

‘n Eskader Ventura bomwerper vliegtuie was op Ysterplaat Lugmagbasis, wat net oorkant die nasionale pad noord-wes van Sassar geleë was, gestasioneer. Dié vliegtuie is deur Lockheed in Amerika vervaardig en deur die geallieerde magte in die laaste deel van die Tweede Wêreldoorlog gebruik. Na die oorlog het die SA Lugmag van die vliegtuie in gebruik geneem. Dit was so ‘n kort bonkige vliegtuig met twee motore en twee sterte aan die kante van die agterste vlerk.

'n Lockheed PV-1 Ventura Bomwerper

Hierdie vliegtuie het verskriklik geraas weens hulle kragtige motore en omdat Ysterplaat basies langs Wingfield en Sassar was, het hulle soms laag oor Sassar gevlieg, tot groot opwinding van ons seuns en ergernis van die grootmense. Op 'n keer het 'n loods een die aand in die moeilikheid geraak en moes toe 'n noodlanding op Wingfield se aanloopbaan, wat toe al in onbruik was, doen. Soos dit maar gaan is die vliegtuig van die aanloopbaan af en het in die sand langsaan beland. Niemand is gelukkig beseer nie, maar die hele episode was baie opwindend. Die volgende dag het ons almal gaan kyk en die vliegtuig van nader besigtig. Dit was vir my verstommend hoe klein die "Cockpit" was.

Gedurende die sitting van 1957 het my pa ons verras deur vir my ma, wat tot op daardie stadium nog nie kon bestuur nie, 'n motor te koop,. My pa koop toe vir haar 'n Renault 4C4 by Faber Motors in Dock Road, Kaapstad.

Dit was soortgelyk aan die twee hierbo, net ligblou en met 'n regter stuur !.

Die enjin (wat agter gemonteer was) se grootte was 750 cc met 'n drie-spoed hand ratkas. My pa het nie van 'n tweedeur motor gehou nie en my ma het gedink 'n VW (wat later bekend geword het as 'n Beetle) is te vinnig vir haar. Soos op die linker foto duidelik is, het al vier deure in die middel geskarnier. Wingfield was die ideale plek om te leer bestuur en my pa het my ma eers op Wingfield se aanloopbaan

vir bestuurlesse geneem en later in Sassar, waar daar min verkeer was. Sy het gou leer bestuur en haar bestuurderslisensie gekry. Charl en ek, en ek dink ook later Francois. het op dié motor leer bestuur. Kort na ons die motor gekry het is ons gesin, met al drie seuns agterin, vir ‘n rit om die Kaapse Skiereiland om die motortjie bietjie uit te toets en in te loop, soos ‘n mens destyds vir die eerste paar duisend myl met ‘n nuwe motor moes doen.

Sassar het ‘n Inwonerskomitee gehad, wat namens die inwoners met die bestuur van Sassar geskakel het. Die Voorsitter van dié komitee was bekend as Sassar se Burgemeester. In ons tyd het mnr Connie Mulder, ‘n jong LV, en sy gesin met skoolgaande kinders, ook op Sassar gewoon. Hy was per geleentheid die Burgemeester van Sassar. (Hy het later minister geword en is ongelukkig uit die politiek gedwing weens die destydse Inligtingskandaal in die laat sewentiger jare). Hy het per geleentheid verwys na sy seuns as sy “ramkatte”. Daardie twee “ramkatte” is nou onderskeidelik Pieter Mulder, voormalige Leier van die VF+ en sy broer Corné Mulder, hoofsweep van die VF+ !

Elsa Vorster, dogter van mnr John Vorster , toe nog net die LV vir Nigel, was saam met my broer Charl in standerd 5 in Sassar Laerskool. Ek was in standerd 4, maar ook in die gesamentlike klas. Haar twee broers, Willem en Pieter, was heelwat jonger as ons. Pieter was nog voorskools en het met so rooi skopfietsie gery.

Ook saam met ons op Sassar was Marais en Melanie Steyn, en hulle jonger broer Lafras. Hulle was die kinders van mnr Marais Steyn, die onderleier van die Verenigde Party. Ons as kinders was bewus van die verskillende politieke partye, soos die Natte en die Sappe, maar dit het geen verskil tussen ons as kinders op Sassar gemaak nie. (Lafras het later medies op Stellenbosch studeer en in Biochemie gespesialiseer. Hy is later by Universiteit Kaapstad as Professor aangestel. Hy is ongelukkig relatief jonk oorlede).

Nog ‘n senior Verenigde Party LV wat saam met sy gesin op Sassar gebly het was mnr Badenhorst Durrand. Ons het twee van sy dogters leer ken by huis danspartytjies. Hulle was Sheila, wat my probeer leer bob het ! Sy was later as Sheila Camerer bekend en het ook in die politiek beland. Sy het ‘n adjunkminister van Justisie in President FW de Klerk se kabinet geword en ook in daardie hoedanigheid gedien in die kabinet van Nasionale Eenheid van President Nelson Mandela na 1994. Haar suster was Roberta Durrand, wat bekend geword het as ‘n film regisseur en onlangs betrokke was by die film “Crotoa”.

1958 was ‘n verkiesingsjaar in Suid-Afrika. Op daardie stadium was daar net ‘n kort Parlement sitting aan die begin van die jaar. Daarna het die Parlement ontbind en is ‘n verkiesing gehou in die tweede kwartaal van die jaar. Gevolglik was ek net vir ses weke in Sassar Laerskool aan die begin van standerd 5. Net ek en Marena de Vos was in standerd 5. Baie van die ander gesinne se ma’s het in Pretoria agtergebly sodat hulle kinders hulle normale skole in Pretoria en elders kon bywoon. Toe Charl later jare met met Marié, wie se nooiensvan Swardt was, trou, het ons verneem dat Marena se ma ook ‘n nooi de Swardt en ‘n suster van haar pa was. Marena en Marié is dus niggies !

Ons het vir daardie kort sittinge in ‘n woonstel naby die eetsaal gebly omdat daar heelwat minder inwoners in daardie sessie op Sassar was. Charl was toe in standerd 6 en het by ‘n skoolvriend en sy ouers vir die ses weke in Groenkloof, Pretoria, loseer. Hulle was toe in standerd 6 in die Afrikaanse Hoër Seunskool.

(Aan die einde van daardie sessie het my pa ‘n leunstoel by ‘n mnr Hönk, wat sou aftree, oorgeneem. Een van sy kinders was Elfriede Hönk, wat ook in my standerd was. Dié stoel het lank saam met my pa rondgetrek en bekend gestaan as die Hönk stoel. Ek het hom later geërf en lank op hom gesit by Boompies op Outeniquastrand. Deur die jare is dit ‘n paar keer oorgetrek. Toe ons op Reebok kom bly het, het Maria Smart, ons huishulp van Greenhaven, Groot Brakrivier, dié stoel geërf !)

Ek het reeds genoem dat ek nie in die derde kwartaal van my standerd 5 jaar op Sassar op skool was nie. Ek was wel ‘n rukkie daar in die Julie vakansie. Ons het toe in woonstel 67 gebly, net langs die woonstel in die die barak wat ons met die Browns gedeel het. Daardie helfte van die barak se stoep was ook om 'n hoek. Ons het vir Lydia , Barbara en hul jonger boetie, Freddie Brown goed leer ken en het ure op hulle stoep deurgebring. Hulle ouers was oom Gerald en tannie Joane Browne. Oom Gerald kon goed klavier speel en hulle het dikwels sing-songs in hulle huis gehou.

Net nadat my pa die Renault 4C4 gekoop het, het die Renault Dauphine op die mark gekom. Die eerste model het ‘n 850 cc enjin gehad, wat ook agter gemonteer was, ook met ‘n drie spoed hand ratkas. In 1958 ruil my pa toe die Renault 4C4 vir ‘n wit Renault Dauphine in, weer by Fabers in Kaapstad.

My ma se wit Renault Dauphine in Julie 1958 voor woonstel 67 op Sassar.
Agter die motor is vlnr my ma, Charl en ek. Die stoep vir die parkeerplek is agter ons,

In 1959 of 1960 het die bestuur van die Parlementêre dorp verander. Ek het nie enige kennis wat die redes was nie, maar die SA Spoorweë het onttrek en daarmee het ook die gemeenskaplike eetsaal verdwyn. Die wooneenhede het nou selfversorgend geraak, en die kombuisgeriewe in elke woonstel is verbeter. Die nuwe bestuur was nou die verantwoordelikheid van die Staatsdienskommissie en hulle het ‘n kompetisie gehou vir voorstelle vir ‘n nuwe naam. My ma het toe, nadat sy my pa wat in Bosbou was, geraadpleeg het, Akasiapark, of in Engels, Acacia Park, voorgestel, aangesien daar so baie Akasias in die omgewing was. Haar voorstel is aanvaar en as ek reg onthou sy het ‘n prys van £10.00 gewen ! Tot vandag toe is dié Parlementêre dorp bekend as Akasiapark.

Gedurende 1959 was ek en Charl nie meer daar op skool nie. Die skool se naam het ook verander na die Laerskool Akasiapark. Francois was in standerd 5 en hulle het in woonstel 80 tuis gegaan. Ek en Charl was net met die Januarie en April vakansies op die nuwe Akasiapark gekuier.

Tydens die April vakansie in 1959 het 'n joernalis van die Burger 'n foto kom neem van die sessie kinders wat vir die vakansie Kaap toe gekom het.

Agter: Roberta Lubbe (Lilliete Joubert se kamermaat in die Sessie koshuis)
Voor: Lydia Browne, Lilliette Joubert, Danie Joubert, Charl de Wet, Pierre de Wet

In 1960 is Francois ook hoërskool toe en was my ouers alleen op Akasiapark. Dit was hulle laaste jaar daar en hulle moes plek maak vir mense met skoolgaande kinders.

Omdat ons in die Kaap was in Januarie tydens die skoolvakansies het ons ook die geleentheid gehad om een of twee keer die opening van die Parlement by te woon. Van my pa se kollegas het kantore in die Marksgebou reg oorkant die Parlementsgebou van destyds gehad. Hulle het ons genooi om die gebeure deur hulle kantoorvensters dop te hou.

By geleentheid het my pa kon reël dat ons die Wantroue debat in die regering in Januarie in die besoekers gallery van die ou Volksraad kon bywoon. Ek kon luister na Sir De Villiers Graaf se wantroue mosie en Dr HF Verwoerd se antwoord daarop in 1960.

Die jare se verblyf op Sassar en later Akasiapark het my aan baie nuwe dinge blootgestel en ervarings laat opdoen. Die rondtrekkery Kaap toe, wat seker 'n mate van ontwrigting was, het egter soveel ander geleenthede en wêrelde oopgemaak wat ek nie graag sou wou misgeloop het nie. Ek was baie bevoorreg om dit te kon meemaak en dit het my wêreld ongelooflik verbreed !

Terug na Inhoudsopgawe